**SARS skakel met industrie om brandstoftekorte af te wend**

**Tshwane, 15 Oktober 2024** - Na gevolg van gister, 14 Oktober 2024, se persverklaring deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), oor skakeling met die industrie om brandstoftekorte by alle lughawens af te wend, kondig SARS graag die volgende aan:

Na omsigtige oorweging, het SARS Kommissaris spesiale toestemming toegestaan vir die invoer van keroseen-brandstof vanaf 21 Oktober 2024 tot 20 Oktober 2025. Die spesiale toestemming word toegestaan om partye die geleentheid te bied om aandag te skenk aan die betrokke ingewikkeldhede met die proses van deregistrasie van vervaardigingspakhuise en registrasie van die toepaslike bergingsfasiliteite.

Die kommissaris versoek alle partye om dringend die uitstaande werk af te sluit en te verseker dat daar aan alle nakomingsvereistes voldoen word, en dat die huidige lisensiëringsbepaling, ten opsigte van die invoer van kerosene-brandstof en afleisels daarvan, bevestig kan word waar van toepassing.

Elke betrokke belastingpligtige sal individueel mee gekomminukeer word, ingevolge hulle toepaslike omstandighede. SARS glo dat hierdie aankondiging sekerheid aan die industrie sal verskaf, wat voordelig vir die land se ekonomie is en almal se reisplanne sal laat glad verloop.

Vir verdere inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.